PRIMêRE SKOOL NAUDEVILLE

JAARVERSLAG 2011

Geagte prof. Gawie Schlebusch, voorsitter van die Beheerliggaam en mev. Schlebusch. Geagte lede van die Beheerliggaam en hul gades, hoërskoolhoofde, kollegas, ouers en kinders.

Dit is vanjaar die 30ste jaarverslag van Naudeville en ook die 20ste jaarverslag wat ek lewer. Dit is steeds vir my 'n besondere voorreg om hierdie jaarverslag aan u voor te hou.

1. BEHEERLIGGAAM:

Die Beheerliggaam bestaan uit die volgende lede:

*	Voorsitter	: Prof. Gawie Schlebusch
*	Ondervoorsitter	: Mnr. Dewald Kirsten
*	Ouerlede	: Kapt. Ryan Ellis
		: Mnr. Dawid Fourie
		: Mev. Denise Kirsten
*	Onderwyspersoneel	: Mnr. Gert Nieuwoudt (skoolhoof)
		: Mnr. Hendrik van Rensburg (sekretaris)
		: Mev. Louisa Burger
*	Nie-onderwyspersoneel	: Mev. Elzette Fourie
*	Gekoöpteerde lede	: Mnr. Kevin Basson
		: Mev. Salomé van der Merwe

Die Beheerliggaam is aan die einde van hul dienstermyn aangesien verkiesings weer in Maart 2012 moet plaasvind. My opregte dank aan een en elkeen van hierdie lede vir hul onbaatsugtige diens aan die skool en vir insette gelewer.

1.1 FINANSIëLE KOMITEE:

Hierdie komitee bestaan uit die volgende lede:

*	Voorsitter	: Mnr. Gert Nieuwoudt
*	Sekretaresse	: Mev. Elzette Fourie
*	Lede	: Kapt. Ryan Ellis en mev. Denise Kirsten

Die finansiële komitee vergader maandeliks om sodoende kontrole te hê oor die skool se inkomste en uitgawes en om te verseker dat daar by die begroting gehou word. Die komitee verseker ook dat al die skool se finansiële verpligtinge nagekom word.

Die komitee is ook verantwoordelik vir die daarstel van 'n begroting. Hierdie begroting is deur die Beheerliggaam asook deur die teenwoordige ouers op 'n ouervergadering, gehou op 26 Oktober 2011, goedgekeur.

Baie dankie ook aan mevv. Elzette Fourie, Alta Kriek, Attie Klaasen en Petro Ellis vir hul deeglike en noukeurige hantering van skoolgelde asook die boekhouding daarvan.

1.2 OUERVERENIGING:

Die Ouervereniging het vanjaar weer baie suksesvol gefunksioneer.

'n Steakbraai, Pretloop en Kontreifees is suksesvol aangepak. Die Kontreifees is reeds 'n vaste inskrywing op Welkomiete se kalender.
Ray Dillen het vanjaar groot aftrek gekry met ongeveer 1700 besoekers.

Die kwartaallikse stoepverkopings is baie gewild onder die leerders.

Ek bedank graag hierdie groep ouers vir hul inisiatiewe en harde werk. U maak werklik 'n verskil.

1.3 TERREINKOMITEE:

Hierdie komitee verseker dat ons terrein altyd netjies vertoon. Dankie vir hul insette op hierdie gebied.

1.4 REKLAMEKOMITEE:

Ons webwerf www.naudeville.co.za word op gereelde basis opgedateer.
Daar is vanjaar ook begin om 'n Facebook profiel vir die skool te skep.

Ons skoolkoerant, die Naudenuus, het vanjaar vir die eerste keer die lig gesien en verskyn kwartaalliks.

Dankie aan mnr. Hendrik van Rensburg, mevv. Elbè Cloete, Louisa Burger en Luzaan Schlebusch vir hul insette in die skool se reklame. Dankie ook aan mejj. Lizandè Myburgh en Leonie van Wyk vir die opstel van ons Facebook profiel.

2. KOMMUNIKASIE:

2.1 OUERAANDE:

'n Oueraand vind elke kwartaal plaas. Ouers kan self hul kinders se rapporte by klasonderwysers gaan afhaal en het dan ook 'n geleentheid om met onderwysers te gesels.

By twee geleenthede is ouers ook toegespreek nl. oor waardes en die leerderraadverkiesing.

2.2 INLIGTINGSAANDE:

Gedurende Januarie is inligtingsaande gehou, waartydens ouers ingelig is oor die werkwyses in die preprimêre afdeling, grondslagfase, intermediêre fase en senior fase.

2.3 INLIGTINGSKOEVERTE:

Deur die loop van die jaar is 10 omsendskrywes deur middel van hierdie koeverte huis toe gestuur. Skoolrekeninge is ook met behulp van hierdie koeverte uitgestuur.

2.4 SMS-STELSEL:

Verskeie boodskappe is by wyse van SMS'e aan ouers gestuur. Ons bly dus by met die moderne tegnologie.

2.5 GRAAD 1 – DAG:

Ons Graad 1-dag het op 2 September 2011 plaasgevind. Voornemende leerders het 'n kleurvolle uitnodiging ontvang en strooibiljette is ook in posbusse gegooi.

Elke ouerpaar het 'n baie volledige inligtingsboekie ontvang en ouers is d.m.v. 'n visuele aanbieding ingelig oor die aktiwiteite van ons skool.

Ouers en leerders het ook die graad 1-klasse besoek. 'n Kort verduideliking van die werkswyse van die graad 1's is aan hulle gegee.

Ons doen egter 'n beroep op ons ouers om as ambassadeurs op te tree en vir ons nog graad 1-leerders te werf.

3. PERSONEEL:

SAMESTELLING:

Die personeel vir 2011 was as volg saamgestel:

* 1 Skoolhoof
* 2 Departementshoofde
* 13 Leerkragte (4 Beheerliggaamsposte)
* 2 Sekretaresses (1 Beheerliggaam)
* 1 Sekretariële assistent (Beheerliggaam)
* 1 Faktotum (Beheerliggaam)
* 3 Algemene assistente (1 Beheerliggaam)
* 7 SBO-studente (Beheerliggaam)

Preprimêre afdeling:

* 1 Skoolhoof
* 3 Onderwyseresse (Beheerliggaam)
* 4 Assistente (Beheerliggaam)
* 1 Sekretaresse (Beheerliggaam)
* 2 Algemene assistente (Beheerliggaam)

3.2 PERSONEELWISSELING:

Aan die einde van die jaar verlaat mev. Thea-Ele Viljoen en mev. Chantelle Botha ons na 4 jaar en 3 jaar diens onderskeidelik. Mev. Chantal Diesel-Blom het ons diens aan die einde van die derde kwartaal verlaat.

3.3 AFLOSPERSONEEL:

Baie dankie aan ouers wat by ons as aflospersoneel opgetree het. U onbaatsugtige diens word waardeer.

3.4 DIENSLEWERING:

3.4.1. SPORT:

Mnr. G. Nieuwoudt	:	Voorsitter - Vrystaat Junior Krieket
		Voorsitter - Goudveld Junior Krieket
		Bestuurslid - Goudveld Laerskole Rugby
		Sameroeper - Goudveld 0/13
		Krieket Keurkomitee

Mnr. D Serfontein	: Keurder	-	Vrystaat 0/11 krieket
	Keurder	-	Goudveld 0/11 Krieket
	Afrigter	-	Goudveld 0/13 Rugby
Mnr H Van Rooyen	: Keurder	-	Goudveld 0/11 Krieket
	Afrigter	-	Goudveld 0/11 Krieket
	Skeidsregter	-	Cravenweek
	Vrystaat	-	Rural Krieket
Mnr. H van Rensburg	: Voorsitter	-	Riebeeckstad Marathon Klub
Mej. U Buys	: Afrigter	-	Noord-Vrystaat 0/16 hokkie

3.4.2 PROFESSIONEEL:

Mnr. G Nieuwoudt : Sekretaris SAOU : Goudveldse Prinsipaalsvereniging.
Mev. S van der Merwe : Skoleverteenwoordiger SAOU Goudstreek.

3.5 DANK:

Die personeel van Naudeville stel die belange van die leerders van hierdie skool altyd eerste en werk baie hard om net die beste aan ons leerders en ons skool te bied. My opregte dank aan ons personeel, u is werklik 'n span om op trots te wees.

4. SKOOLLEIERS:

Die leerderraad bestaan uit die hoofseun, hoofdogter, onderhoofseun, onderhoofdogter, 5 seuns- en 5 dogters-leerderraadslede.

Onder leiding van Paul Sauer en Isabel Müller het hierdie raad 'n navolgenswaardige voorbeeld vir elke leerder van hierdie skool gestel.

5. AKADEMIE:

Die skool se slaagsyfer aan die einde van 2010 was as volg :

GRAAD	Kandidate	% Slaagsyfer
Graad 1	58	100%
Graad 2	51	100%
Graad 3	62	100%
Graad 4	52	100%
Graad 5	59	100%
Graad 6	48	100%
Graad 7	58	96,5%

Hieronder 'n opsomming van die graad 1-7 se gemiddelde prestasie op akademiese gebied vir die eerste drie kwartale:

GRAAD

	1	2	3	4	5	6	7
Afrikaans/Geletterdheid	3	3	3	67,1	62,6	68,9	57
Engels				61	72,9	70,8	64
Wiskunde gesyferdheid	3	3	3	62,6	65,7	68,3	58,4
Natuurwetenskap				63,2	65,9	69,8	67,3
Tegnologie				61,1	68,8	64,7	60,6
Ekonomiese Bestuurswetenskappe				62,3	64,1	73,8	57,9
Sosiale Wetenskap				68,9	65,8	67,9	59,6
Kuns en Kultuur				71,2	69,3	76,6	66,3
Lewensoriëntering/Lewensvaardighede	3	3	3	69,9	67,4	74,1	58,3

6. FISIESE FASILITEITE:

6.1 GEBOUE:

Agt lugreëlaars is in klasse geïnstalleer. Daar is ook in elke klas 'n interaktiewe witbord aangebring. Hierdie tegnologiese verbeteringe plaas ons op die voorpunt van die opvoeding en sodoende kan ons slegs die beste vir u kinders bied.

Baie dankie aan die ouers wat hierdie verbeteringe moontlik gemaak het.

6.2 TERREIN:

Die skool beskik oor 2 rugbyvelde; 4 weervaste tennis/netbalbane; 1 weervaste netbalbaan, 1 krieketkolfblad, 4 krieketnette, 'n grasatletiekbaan en 'n permanente pawiljoen.

6.3 VOERTUIE:

Die skool beskik oor 'n Toyoto Quantum bussie, 'n 22 sitplek Volkswagenbus, 'n Ford bakkie, asook 'n trekker.

Die Volkswagenbus is meganies nie bruikbaar op die langpad nie. Ons beplan om die bus se enjin in 2012 te vervang.

6.5 REKENAARSENTRUM:

Stimulus Maksima het vanjaar hierdie sentrum bedryf.

Leerders vanaf graad 1 tot 7 het 2 keer per week leesontwikkelingslesse hier ontvang.

Ons beplan om in 2012 hiermee voort te gaan, aangesien die ekstra lees baie voordele vir ons leerders inhou.

7. SKOOLGELDE:

Skoolgelde vir 2012 is as volg:

Primêre afdeling:	R4 950-00 per jaar
Preprimêre afdeling:	Voldag: R680-00
	Halfdag: R570-00

Ons bedank graag ons ouers wat hul skoolgelde op datum hou. Ons is werklik afhanklik van die skoolgelde om die skool suksesvol te bestuur en volgehoue doeltreffende onderwys aan ons leerders te kan lewer.

8. KLERE- EN SNOEPWINKEL:

Hierdie winkels word deur mev. Attie Klaasen bedryf. Dit is 'n onmisbare deel van dienslewering aan ons leerders en ouers.

Ons snoepie is baie mooi opgegradeer en is ook langer deur die dag oop.

Baie dankie aan mev. Klaasen vir haar professionele diens wat sy lewer.

9. EDUKWANDA:

Hierdie program vul 'n groot leemte by ons graad R tot 3 leerders, deurdat motoriese ontwikkeling, asook koördinasie aangespreek word.

Baie dankie aan mev. Christabel J. van Rensburg wat hierdie leerders twee keer per week met groot entoesiasme onderrig.

10. KULTUUR:

10.1 KOOR:

Aan die begin van die jaar is daar heelwat stemtoetse gedoen en daarna het Naudeville 'n reuse koor gehad. Daar is dadelik begin oefen onder leiding van mevv. Sandra Hall en Lizelle de Beer.

Die Junior- en Senior- koor het elke Dinsdagmiddag hard geoefen vir Gimnasium se koorfees wat aan die begin van die derde kwartaal plaasgevind het. Ons was baie trots op die groot groep koorlede wat deel was van diè aand. Dit was duidelik dat dit vir elkeen van hulle lekker was om saam te sing aan "Roelandstraat, Groen is die land van Natal, My hart verlang na die Boland, Dorstyd, Oom Bossie van die Bosveld" asook Bok van Blerk se "Ons vir jou Suid-Afrika".

Soos in die verlede, het ons koorlede deur die loop van die jaar al minder geword. Gelukkig was daar 'n groepie staatmakers wat tot aan die einde, elke Dinsdagmiddag, getrou kom oefen het.

Die Junior-koor bly ons trots omdat hulle met soveel ywer en geesdrif oefen. Om te sing is vir hierdie kleintjies bitter lekker! Vanjaar het ons van ons graad eentjies ook by hierdie groep ingesluit. Hierdie groepie graad 1,2 en 3-leerders het ywerig geoefen vir hul optrede by die graad 1-dag. Met hulle suiwer stemmetjies, skitterende ogies en geel linte in die hare, het hulle die nuwe maatjies sommer opgewonde na graad 1 laat uitsien!

Daar was ook optredes by Welkom-Suid gemeente en die prysuitdelings.

10.2 REDENAARS:

Graad 1-leerders kan reeds vanaf die eerste kwartaal by die skool se redenaars inskakel. Hier word leerders geleer om toesprake met selfvertroue voor gehore te lewer. Redenaars word een keer per week, ná skool aangebied.

Redenaars kry die geleentheid om deel te neem aan die ATKV, skoolkompetisies, soos bv. Goudveld-Hoërskool se graad 7-Redenaarskompetisie en interne redenaarsaande.

Die Redenaars word in drie groepe by die skool verdeel en onderrig:

Graad 1 : Mev. Melanie Bekker
Graad 2 tot 4: Mev. Louisa Burger
Graad 5 tot 7: Mev. Hannetjie Leygonie

Ons was hierdie jaar bevoorreg om aan die ATKV Redenaarskompetisie in Bethlehem deel te neem. Dit was uitstekende ondervinding vir die leerders en hulle het baie goed presteer. Carli Olivier en Lerè Nel (Gr. 3) en Claudine Ellis (Gr. 4) was onder die eerste honderd leerders in die Vrystaat wat deurgedring het na die halfeindronde wat ook in Bethlehem plaasgevind het. Hierdie drie leerders het hul uitstekend van hul taak gekwyt!

Redenaars kry ook in die vierde kwartaal die geleentheid om deel te neem en mee te ding om die Grondslagfase trofee (graad 1 tot 3), Junior Redenaar trofee (graad 4 en 5) en die Senior Redenaar trofee (graad 6 en 7).

Redenaars gee leerders die geleentheid om met 'n voorsprong deur hul skoolloopbaan te gaan, omdat hul reeds op 'n vroeë ouderdom leer om met gemak hul saak te stel. Dit leer hul selfdissipline en selfvertroue aan, wat van onskatbare waarde in die lewe van vandag is.

Redenaars verg ook deursettingsvermoë om hierdie intensiewe leerwerk voor te berei. Hierdie leerders is baie spesiaal, aangesien baie tyd en opoffering in die uitwerk, leer en afronding van die toesprake gesit word. Toewyding en getrouheid is 'n voorvereiste vir 'n redenaar. Dit kweek weer verdere vaardighede vir die lewe vorentoe.

10.3 MA'S WAT OMGEE:

Ons het 'n groepie ma's wat gereeld een keer per week, voorbidding doen vir ons leerders, ouers, personeel en skoolhoof. Ons is so dankbaar vir hierdie groot en onbaatsugtige taak. Deur hul gebede word ons leerders, personeel, skoolhoof, ouers, administratiewe personeel en al die werkers aan die sorg van die Here toevertrou.

Die leerders kry geleentheid om gebedsversoekies in 'n posbus agter in die saal te gooi. Die versoeke is anoniem en vertroulikheid word hoog op prys gestel.

Die personeel vul weekliks 'n gebedsversoeklys in en dan word al die skool se aktiwiteite aan die Here opgedra.

Ons hartlike dank aan hierdie groepie ma's.

10.4 VCSV:

Die leerders kry elke Woensdag die geleentheid om deel te neem aan die VCSV (Verenigde Christelike Studente Vereniging). Die VCSV is 'n interkerklike organisasie.

Gedurende die VCSV-byeenkomste word die Woord van God op aanskoulike, interessante en ontspanne wyse aangebied. Daar word deur die jaar 'n uitgewerkte program gevolg. Dit sluit speletjies, 'n piekniek of twee, gemeenskapsdiens soos bv. die insameling van klere en nie-bederfbare voedsel vir minderbevoorregtes, asook diens aan ons skool en ouers in. Leerders leer hier om op 'n tasbare wyse om te gee vir hul naaste en om uit te reik na ander in nood.

Gedurende 2011 is 'n uiters geslaagde projek geloods om nie-bederfbare kos en kinderklere vir House of Prayer in samewerking met mej. Welkom, Mariza Delport, in te samel. Dit is dan ook aan me. Hantie Badenhorst, betrokke by House of Prayer, oorhandig. Sy het dit met groot dankbaarheid ontvang en weereens vir ons as personeel bewus gemaak van die groot behoefte onder die kinders waarmee sy werk. Die reaksie van ons ouers was oorweldigend groot en ons kan nie genoeg dankie sê vir u as ouers se onbaatsugtige vrygewigheid nie.

Tydens lentedag-vieringe het die VCSV-leiers die personeel van die skool asook die ouers wat betrokke is by die VCSV, met verversings en mooi gedagtes op kaartjies trakteer.

Baie dankie aan mev. Susan Pretorius en dr. Nico Dicks wat behulpsaam is met die VCSV. Sonder hierdie persone sou dit nie vir ons moontlik gewees het om die VCSV op so 'n groot skaal vir ons leerders aan te bied nie.

10.5 ENTREPRENEURS:

Een suksesvolle entrepreneursdag is vanjaar aangebied. Dit was 'n geleentheid vir die leerders om te wys wat in hulle steek ten opsigte van besigheidsvernuf, beplanning, handvaardigheid en inisiatief om iets uit niks te vervaardig en artikels te kan verkoop. Die leerders geniet hierdie dag terdeë.

10.6 TOER NA DIE TUINROETE:

Twintig graad 7-leerders, vergesel deur mnr. Hendrik J van Rensburg het vanjaar gedurende die laaste week van Junie 2011 'n opvoedkundige toer

na die tuinroete onderneem. Besienswaardighede op Oudtshoorn, George, Mosselbaai en Knysna is besoek. Hierdie toer was beslis 'n hoogtepunt op die graad 7 kalender.

'n Groot eer het ons skool met hierdie toer te beurt geval deurdat Naudeville as die beste besoekende skool aangewys is.

10.7 BUITELUGSKOOL:

Ons graad 6-leerders het vanjaar weer die Sentrum gedurende Oktober besoek. Die leerders is deur mnr. Danie Serfontein, mev. Hannetjie Leygonie en mej. Shanais Human vergesel. Die leerders geniet die sentrum te Zastron terdeë.

11. SPORT:

11.1 Die provinsiale verteenwoordigers was:

Binne skoolverband:

Skaak	**:**	Francois Greyling	NVS
Atletiek	**:**	Isabel Müller	VRYSTAAT
		Bernice Kirsten	VRYSTAAT
		Rian Olivier	VRYSTAAT
		JW Viljoen	VRYSTAAT
Landloop	**:**	Isabel Müller	VRYSTAAT
		Angela Müller	VRYSTAAT
		Cornè Viljoen	VRYSTAAT
Tennis	**:**	Jay-Dee Fourie	NVS
		Paul Sauer	NVS
		AJ Jacobs	NVS
		Duane Prinsloo	NVS
		Cornè Viljoen	NVS
		Shaun Robinson	NVS
		Duanè Fourie	NVS
		Isabel Müller	NVS
Krieket	**:**	Paul Sauer	VRYSTAAT
		Zandrè Ellis	VRYSTAAT
		Arthur Harrison	VRYSTAAT
		Jacquin Bailey	VRYSTAAT

Swem	:	Zandré Schmidt	VRYSTAAT
		Edwin du Preez	NVS
		Lerè Nel	NVS
		Kian Kirsten	NVS
		Till-Marie du Preez	NVS
Rugby	:	A J Jacobs	GRIFFONS XV
		Wian van Staden	GRIFFONS XV
		Zandrè Schmidt	GRIFFONS XV
		JW Viljoen	GRIFFONS 0/12

Buite skoolverband:

Dans	:	Elana Bekker	PROVINSIALE DEELNAME
		Imelda Hamman	PROVINSIALE DEELNAME
		Bernice Kirsten	PROVINSIALE DEELNAME
		Danyke de Beer	VRYSTAAT
Gimnastiek	:	Dewet Bester	NVS
		Joané Strydom	NVS
Judo	:	Dean van den Berg	NVS
		Nicole van den Berg	NVS
		H J Bester	NVS
Karate	:	Armand Bester	NVS
		Chuwandru Esterhuizen	NVS
Ruiterkuns	:	Chante-Zè Muller	VRYSTAAT
Gymkhana	:	Chanel Blignaut	VRYSTAAT
Netbal	:	Tiffany Pretorius	NVS Bokkieweek
		Charlene Müller	NVS Bokkieweek

11.2 ATLETIEK:

Naudeville het 'n uitsonderlike atletiekseisoen beleef. Na ons plaaslike kleurbyeenkoms het ons atlete aan twee opwarmingsbyeenkomste by Nelsdrif en Bedelia gaan deelneem, waartydens baie goeie resultate behaal is.

Tydens die Goudveld-Suid Sirkel Atletiekbyeenkoms het 71 atlete deelgeneem en Naudeville is aangewys as die algehele wenner van die byeenkoms.

Ons wil graag vir mnr. Japie van Rooyen bedank vir die hoogspring afrigting gedurende die seisoen, asook vir kaptein Ryan Ellis wat die hekkiesatlete en naellopers afgerig het.

Ons is baie trots op Bernice Kirsten, Isabel Müller en Rian Olivier (hoogspring) en JW Viljoen (150M) wat aan die Suid Afrikaanse kampioenskappe in Germiston deelgeneem het.

11.3 KRIEKET:

Twee 0/13- en 0/11-spanne en 'n 0/9-span neem aan die ligas deel. 'n 0/7- en 0/9B-span neem ook aan die minikrieket deel.

Ons krieketspanne is uiters gedug en vaar uitstekend in die ligas. Die 0/9A-span het die Brandwag Aandreeks die vierde agtereenvolgende jaar gewen en die 0/11-span, Hennenman se Super 10, die derde agtereenvolgende jaar.

Verskeie seuns is in die onderskeie Goudveldspanne ingesluit:

0/13 A:	Paul Sauer, Zandrè Ellis, AJ Jacobs, Wian van Staden, Janrich Viljoen en JD Maitland.
0/11 A:	Arthur Harrison, Cornè Viljoen, Kelvin Olivier, Jay-Dee Fourie, Jacquin Bailey en Leonard Jacobs.
0/13 B:	JW Viljoen, Duane Prinsloo en Evan Strydom.
0/11 B:	George Harrison.

Vier seuns van Naudeville is na die Vrystaat Proeweweek in die Vrystaatspanne ingesluit:

0/13A:	Paul Sauer en Zandrè Ellis.
0/11A:	Arthur Harrison en Jacquin Bailey.

Dit is voorwaar 'n besondere prestasie.

Die 0/11A-span het gedurende die Junievakansie 'n toer na Sportweni onderneem. Hulle het slegs teen die Suidkus 0/13 streekspan verloor. Die 0/13A-span het gedurende die Septembervakansie aan 'n toernooi in Senekal deelgeneem en al vyf hulle wedstryde gewen.

Baie dankie aan al ons ouers se ondersteuning deur die jaar.

11.4 RUGBY:

Leerders by Naudeville maak reeds in graad R kennis met rugby en maak ook deel uit van die liga waar "Bulletjie"- rugby gespeel word. Daar is ook aan verskeie toernooie deelgeneem, onder andere in Kroonstad en Virginia.

Die Bulletjies het hierdie jaar ook "tag-rugby" begin speel, waar spelers nie geduik word nie, die "tag" moet afgetrek word. Dit het tot beter balvaardigheid en hantering gelei.

Vyf spanne het hierdie jaar aan die liga deelgeneem. Al die spanne het goed rekenskap van hulself gegee en het deur die seisoen goeie rugby gespeel.

Die 0/13A-span het die jaar goed begin deur in die finaal van die Odensia-Aandreeks te speel. Die span wen dan ook die reeks.

Tydens die Aprilvakansie het die 0/11A en 0/13A-spanne 'n toer na Thaba Morula, naby Britz, onderneem. Daar is wedstryde gespeel en afrigting is ontvang.

Ons is baie trots op Wian van Staden, AJ Jacobs en Zandrè Schmidt wat in die Griffons XV-tal ingesluit is en aan 'n toernooi in Sasolburg deelgeneem het. JW Viljoen het vir die Griffons 0/12-span gespeel tydens 'n toernooi wat in Newcastle plaasgevind het.

Mnr. Henrico van Rooyen is gekies as skeidsregter vir die Cravenweek.

Baie dankie aan mnre. Ben du Plessis en Willie Claassens (E-Cars) vir die borg van die 0/13-span se truie. Dankie vir die pa's wat behulpsaam was tydens oefeninge. Dankie ook aan almal wat behulpsaam was met vervoer tydens die seisoen.

11.5 NETBAL:

Gedurende die Maartvakansie het die 0/13-dogters 'n toer na Potchefstroom onderneem. Afrigting is ontvang en verskeie wedstryde gespeel.

Van die spanne het ook aan toernooie deelgeneem. Die 0/13A-span het goed gevaar en het hulle afdeling by die Odensia-aandreeks gewen.

Baie geluk aan Tiffany Pretorius en Charlene Müller wat ingesluit is in die NVS-0/13 Bokkieweekspan.

Dankie aan elke afrigter vir hulle harde werk en aan elke ouer wat gedurende die seisoen behulpsaam was met die vervoer van die spelers na die wedstryde.

11.6 LANDLOOP:

Die atlete het gedurende die seisoen, wat vanaf April tot Augustus strek, aan verskeie byeenkomste deelgeneem. Vroeg in die seisoen is daar reeds 'n Vrystaatspan gekies wat 28 Mei 2011 aan 'n interprovinsiale byeenkoms in

Klerksdorp deelgeneem het. Isabel Müller (0/13), Cornè Viljoen (0/10), Angela Müller (0/9), is in die span ingesluit. Isabel Müller is dan ook in die Vrystaatspan ingesluit wat 17 September 2011 aan die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem het.

11.7 TENNIS:

Die jaar 2011, was weereens 'n wenjaar vir die tennis. Daar is geesdriftig geoefen. Die dogters moes aanvanklik kies tussen hokkie en tennis, maar nadat die afrigters mekaar tegemoet gekom het met oefentye, is die probleem opgelos.

'n Groot groep graad 1-leerders het kom oefen. Dit was wonderlik om te sien hoe hulle ontwikkel en hulle het ook begin om vriendskaplike wedstryde te speel.

Die seunspanne is ons sterre! Met mnr. Henrico van Rooyen aan die stuur van sake by die vyf senior spanne, gaan Naudeville se tennis van krag tot krag. Twee van ons spanne moes aan die einde van die seisoen teen mekaar speel in die finaal! Wat 'n verrassing was dit nie, toe die derde span as ligawenners uit die stryd tree teen ons eie tweede span! Die eerste span en Junior Seuns A-span het aan die semi-finaal deelgeneem.

Ons is baie trots op AJ Jacobs, Paul Sauer, Shaun Robinson, Duane Prinsloo, Jay-Dee Fourie, JW Viljoen, Cornè Viljoen, Duanè Fourie en Isabel Müller wat gekies is vir Noord-Vrystaatspan.

11.8 SKAAK:

"Skaak, die wonderlike gawe uit die Ooste, is 'n vorm van intellektuele produktiwiteit" S.F. Muller

Ons skaakspelers het reeds vroeg in Januarie hard begin oefen. Hierdie jaar het ons een Junior- en een Senior span vir die liga ingeskryf. Die graad 1's en die juniors het gretig opgedaag vir skaakoefeninge. Aangesien ons spelers nog jonk is, het ons onderskeidelik vyfde en sesde in die liga geëindig.

Francois Greyling is opgeneem in die Noord-Vrystaat Skaakspan wat gedurende die Desembervakansie in Port Elizabeth aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe gaan deelneem. Ons is baie trots op sy besondere prestasie!

11.9 HOKKIE:

Dit is vanjaar die tweede jaar wat ons hokkie as skoolsport aanbied. Die hokkie het vanjaar uitgebrei en ons het nou 0/8, 0/10, 0/12 en 0/13 spanne, asook ses afrigters. Die afrigters het almal 'n afrigterskliniek asook 'n skeidsregterskursus bygewoon, wat baie leersaam was.

Ons het hierdie jaar weer 'n baie suksesvolle hokkiedag vir die laerskole in die omgewing aangebied. 'n Totaal van vyf skole het die dag bygewoon en 28 spanne het deelgeneem. Naudeville het die 0/10 wisseltrofee ontvang. Die fondse wat deur middel van diè dag ingesamel is, gaan aangewend word vir hokkietoerusting.

Gedurende die derde kwartaal is daar aan 'n vriendskaplike liga deelgeneem wat plaasgevind het tussen al die skole, sodoende kon die spelers meer ondervinding opdoen.

Baie dankie vir al die ouers se ondersteuning by die hokkie. Dit word opreg waardeer.

11.10 SWEM:

Swem is besig om met rasse skrede toe te neem by die skool.

Kian Kirsten, Till-Marie du Preez, Lerè Nel, Edwin du Preez, Franco Schmidt, Zandrè Schmidt en Carla Schmidt het aan verskeie galas deelgeneem en baie goed gevaar.

Kian Kirsten, Till-Marie du Preez, Lerè Nel en Edwin du Preez is dan ook in die NVS swemspan ingesluit. Zandrè Schmidt is ook in die Vrystaatspan ingesluit wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem het.

12. GRONDSLAGFASE:

Hartlike dank aan die Beheerliggaam wat die grondslagfase dames se werklas aansienlik verlig deur assistente aan te stel. Die assistente is mej. J Esterhuizen graad 1A, mej. N le Roux graad 1B, mej. C Grobbelaar graad 2A, mej. S Human graad 2B, mej. L Myburgh graad 3A en mej. L van Wyk graad 3B.

Gedurende die derde kwartaal het al die grondslagfase dames en drie assistente opleiding ontvang om Kurrikulum- en Assesseringsbeleids-verklarings gedurende 2012 in die Grondslagfase te kan implementeer. Dit word in 2013 in die Intermediêrefase- en in 2014 in die Seniorfase geïmplementeer.

Kortliks behels dit die volgende: Van die bewoording word verander. Daar word weer van vakke en temas gepraat. Die faseoorsig, assesseringsprogram en werkskedules ontvang ons van die Departement vir Basiese Onderrig. Die skool bepaal die lesplanne.

Onderrigtyd word verleng en die assesseringstake per kwartaal word verminder en die formaat verander ietwat. Leerders word vanaf 2012 af gepromoveer op die Huistaal, Eerste Addisionele Taal (Engels) en Wiskunde. Die skaal verander na 'n sewepuntskaal, wat 'n baie goeie verandering is.

Lewensvaardighede word opgedeel in: Aanvangskennis en Gesondheidsopvoeding, Kuns en Handwerk. Visuele kuns (teken, verf, konstruksie) en Uitvoerende kuns (dans, drama, musiek), asook Liggaamsopvoeding.

Die departement stel ook 'n goedgekeurde boekelys vry. Daar mag net van die lys af bestel word, omrede die lys saamgestel is om die hele nuwe kurrikulum te dek.

Die graadhoofde het verdere opleiding in Kroonstad ontvang wat deur SAOU aangebied is om alle moontlike inligting deur te gee. Ons gaan in 2012 met groot geesdrif die werk aanpak en dit op dieselfde vlak aanbied as wat tans die geval is.

12.1 GRAAD 1:

In 2011 is daar weer begin deur die eerste week deeglike Grondlynassessering te doen. Die ouers het reeds die tweede week al verslae ontvang wat hulle kinders op 'n sekere vlak geplaas het. Van die begin af werk ons aan moontlike uitvalle. Leerders, met probleme, weet dan gedurende die derde kwartaal al waar hulle staan.

Vir elke leerarea word daar 'n geskikte werkboek gebruik. Die leerders doen ook hulle skryfwerk in lyntjiesboeke. Daar is ook boeke vir Bybelonderrig, groeplees, gedeelde skryf en sinne. Leerders het ook matboeke en konkrete hulpmiddels waarmee hulle werk.

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) word ook elke kwartaal geskryf. Dit word nie vir bevorderingsdoeleindes gebruik nie, maar om onderrigmetodologie en intervensies toe te lig. Die graad 1's skryf die streeksvraestel en behaal gemiddeldes van 80% en soms meer!

Die leerders neem ook jaarliks aan 'n Olimpiade deel teen 'n bedrag van R52-00 vir drie leerareas. Op dié wyse meet ons, ons standaard teen die res

van Suid-Afrika se leerders. Die leerders vaar altyd baie goed en elkeen wat deelgeneem het, ontvang 'n sertifikaat.

12.2 GRAAD 2:

In graad 2 word die Alles-In-Eenreeks gebruik om Geletterdheid en Lewensvaardighede aan te bied. Vir Gesyferdheid word die Oxfordreeks gebruik en vir Eerste Addisionele Taal "Learning English can be fun".

Leerprogramme is baie interessant en laat genoeg ruimte vir herhaling en vaslegging. Leerders geniet die Geletterdheid- en Lewensvaardigheid-programme waar ons onder andere meer leer oor onsself, voedselgroepe, water, ons gemeenskap, vervoer, die natuur en kommunikasiemiddele.

In Gesyferdheid leer ons nie net om te tel en met getalle te werk nie! Ons ontwerp en voltooi ook ons eie patrone en leer om vorms te herken en te gebruik. Dan oefen ons om afstand, tyd, volume en lengte te meet, om grafieke te teken en inligting vanaf 'n grafiek te kan lees en interpreteer.

Die leerders geniet Engels as eerste addisionele taal baie. Ons luister, vertel, lees en skryf in Engels terwyl ons leer oor onderwerpe soos:
"me and you", live and learn", "feeling safe", "friends on the farm", "celebrations"' "live and grow", "let's discover" en "hop on".

Ons leer ook in graad 2 hoe al die letters in lopende skrif lyk en oefen hard om elke lettertjie reg te vorm!

Ons gebruik die Oxford leesreeks, Storieboom, waaruit ons elke week 'n lekker storie aanbied. Die inhoud van die stories en die bypassende humoristiese illustrasies stimuleer die leerders om te voorspel wat gaan gebeur en om op gebeure uit te brei. Saam met die karakters Biebie, Kalla, Wilma, Vlooi en die hond, Flappie, gaan ons op vele towerreise!

Daar word ook saamgelees uit ons groot boeke. Hieruit volg gesamentlike skryf, woord- en sinsbou, groeplees en onafhanklike lees dan.

12.4 GRAAD 3:

Graad 3, die laaste jaar van die grondslagfase, word gekenmerk deur 'n groot verskeidenheid van interessante programme, die aanleer van vaardighede en waardes. Graad 3 is dan ook die jaar waarin leerders voorberei word vir die eerste jaar van hul intermediêre fase en is die aanleer van selfstandigheid hoog op die prioriteitslys.

In Geletterdheid word leerders blootgestel aan 'n groot verskeidenheid

luisteraktiwiteite, soos bv. luister die leerder met genot en respek vir ‘n ander leerder wat praat, asook om die feite in die regte volgorde te rangskik.

Die aanleer van lopende skrif vestig by leerders netheid en hul geniet hierdie vaardigheid baie. Skryf van sinne en paragrawe, asook die voltooi van praatborrels berei hul goed voor vir die volgende fase.

In graad 3 word dan ook baie klem gelê op taalvaardighede soos meervoude, verkleinwoorde, sinonieme, trappe van vergelyking, dieregeluide, manlik en vroulik en babas van diere. Gedurende 2010 is die verpligte leesprogram verder deurgevoer om sodoende te poog om die lees en skryfstandaard van die leerders te verhoog. Afgesien van die Oxford leesreeks wat deel is van formele lees, word daar voorgestelde tye per week spandeer aan die volgende:

Die saamlees van ‘n groot boek of die bespreking van ‘n prent is deel van die leesprogram. Die leerders geniet dit baie om saam uit ‘n groot boek te lees en gou lees hul mooi vlot en met gevoel.

Hieruit volg dan gesamentlike skryf, woord- en sinsbou, groepslees en onafhanklike lees, asook groepwerk, lees- en begrip. Die leerders vind dit baie interessant en geniet dit baie. Hierdie is alles ‘n poging om die geletterdheidsvlak van die leerders te verhoog.

Engels as Eerste Addisionele Taal geniet ook die voorgeskrewe tyd en aandag. Leerders begin nou meer formeel met die Eerste Addisionele Taal te doen kry. Hulle word aangemoedig om Engels te lees, praat en skryf. Hul luistervaardighede word ook in die Eerste Addisionele Taal geassesseer.

Taalstruktuur- en gebruik word ook in graad 3 behandel en toegepas.

In Gesyferdheid tel ons aan die einde van die graad 3-jaar tot by 1000.
Verskillende telaktiwiteite vorm deel van hul daaglikse program.
Getalbegrip word ook op verskillende maniere aangebied. Leerders doen vermenigvuldiging en deel en TE, HTE, DHTE, met en sonder oordrag en ontlening. Die ontdek van getalpatrone in syferwerk is baie belangrik en die leerders geniet hierdie deel van Gesyferdheid, Ruimte en Vorm, wat ook breuke insluit. Meting wat inhoud, massa, lengte en tyd, sowel as die hantering en uitwerk van kleingeld behels, word behandel. Leerders kry die geleentheid om te eksperimenteer en ontdek deur self te meet, weeg, kleingeld uit te gee en met die horlosie en die kalender te werk. Datahantering word ook nou meer gevorderd gedoen en hul moet nie net ‘n grafiek inkleur met inligting tot hul beskikking nie, maar ook meer ingewikkelde bewerkings doen met die data-inligting wat verskaf word.

Lewensvaardigheid stel die leerders bloot aan eie persoonlike ontwikkeling, aanleer van sosiale vaardighede, gesondheidsbevordering en liggaamlike ontwikkeling.

'n Groot verskeidenheid aktiwiteite dra by tot die kennis wat opgedoen word. Navorsing word gedoen, prente en inligting word versamel en in die klas verwerk tot plakkate en plakboeke. Eksperimente word gedoen, resultate word waargeneem en feite word ontdek. Leerders geniet die ontdekking van die natuur, dierelewe, die ruimte, plant- en voëllewe, persoonlike ontwikkeling soos emosies en die waarde van gesonde leefstylgewoontes, baie.

Edukwanda speel 'n baie groot rol in hul liggaamlike ontwikkeling wat hand-oog, voet-oogkoördinasie, balans, motoriese vaardighede, aanleer van sportaktiwiteite en speletjies bevat. Hier word die waarde van groepwerk en gesonde kompetisie vasgelê.

Die geïntegreerde Alles-in-Een-programme wat ons behandel, berei die leerders voor om hul regmatige plek in die samelewing vol te staan, deur die ontwikkeling van die leerder in die geheel.

13. PREPRIMêR:

Die preprimêre afdeling het vanjaar begin met 87 leerders op die rol en sluit af met 118 voorskoolse maats in ons klassies! Alle dank en eer aan God vir genade om sulke groei te kan beleef!

13.2 UITSTAPPIES:

Die volgende uitstappies is deur die loop van die jaar met leerders onderneem na:

- Welkom se nuwe winkelsentrum
- Alma Kwekery
- Medi-kliniek
- Santie's Troeteldierwinkel
- Wimpy

13.3 BESOEKERS ONTVANG:

- Oogkundige
- Proefstudente
- Polisieman
- Verpleegsuster

13.4 SPESIALE DAE WAT GEHOU IS:

- Kleuratletiek
- Stoepverkopings
- Pretloop
- Mnr en Mej Naudeville
- Werksmiddae met mammas
- Valentynsdag verkope
- Neem van individuele foto's
- Poppekas
- Winkelspeeldag
- Ontwikkelingsvlaktoetse- en praatjie
- Skoolgereedsheidtoetse
- Vaders- en moedersdag geskenkies
- Playball - Groot motoriese ontwikkelingsdag
- Oueronderhoude
- Hemelvaart
- Seekonsert
- Kersboom

13.5 PERSONEEL AANGELEENTHEDE:

Personeelgewys is ons 11 lede op die rol van die preprimêre afdeling. Me. Chantelle Diesel-Blom het ons gedurende die derde kwartaal verlaat. Mevv. Salome van der Merwe en Thea Viljoen het die junior hokkiespan afgerig, en mev. Corlia Alnutt was behulpsaam met die afrigting van atletiek en netbal.

'n Groot dankie aan alle personeel en ouers vir die harde werk, insette en lojale ondersteuning.

14. SIMPATIE:

Gedurende die jaar het van ons personeel, ouers en kinders, geliefdes aan die dood afgestaan. Ons dink in die besonder aan die volgende families waar hierdie gesinne elk 'n pa aan die dood afgestaan het: die Rafferty's, die Maass's, en die Van der Merwes. Ons innige simpatie.

15. NAUDEVILLE Sê DANKIE:

15.1 Baie dankie aan die Lejweleputswa distrikskantoor vir dienste gelewer. Baie dankie aan mnr. Simelane vir sy ondersteuning en bystand.

15.2 'n Dankwoord aan mev. Corlia Branders en mnr. Piet Roets vir hul betrokkenheid by ons leerders en skool. U hulp en bydraes is vir ons van uiterste belang.

15.3 Dankie aan ons plaaslike leraars wat op 'n gereelde basis saalopeninge by die skool waarneem en sodoende ons leerders met die Woord bedien.

15.4 Dankie aan ons Naudeville ouers. U is die krag van ons skool. U ondersteuning van u kind en ons skool maak ons as personeel suksesvol in ons taak. Dankie dat u ons hand vat in die opvoedingsproses. U maak Naudeville 'n "Wenskool".

15.5 Ons kan nie hierdie verslag afsluit as ons nie 'n dankwoord aan ons Hemelse Vader bring nie. "U is vir ons die lig op die pad". Rom 8 vers 31: "God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?"

"EK IS DIE WEG, DIE WAARHEID EN DIE LEWE".

Baie dankie.

GJP NIEUWOUDT
SKOOLHOOF